

## DIE VELDSLAG EN MONUMENT VAN DELVILLEBOS

“At the going down of the sun and in the morning  
we shall remember them.”

In hierdie jaar 1986 is dit sewentig jaar gelede dat die slag in Delvillebos in Noord-Frankryk gelewer is en sestig jaar gelede dat die grootste oorlogsmonument van Suid-Afrika by dié bos onthul is. Vir talle historici is dié vyf-daagse veldslag slegs een van die talle gevegte wat onbeslis geëindig het, in die bitter, vier jaar durende loopgrawe-oorlog aan die Wesfront in 1914-1918, Vir Suid-Afrikaners is dit egter 'n gedenkwaardige veldslag omdat daarin soldate van die twee blanke bevolkingsgroepe in die Unie tesaam teen 'n gemeenskaplike vyand geveg het en dus solidêr was. Die gedenkteken by die Delvillebos is bestem vir hulle en vir alle bevolkingsgroepe van Suid-Afrika - blank en gekleurd - wat in twee Wêreldoorloë gestry en gely het.

Kolonel Dr. J. Ploeger het die hierna volgende herdenkingsartikel oor die aksies van Suid-Afrikaners in Wêreldoorlog I (1914-1918), onder meer in die Delvillebos, geskryf. Daarna volg 'n beskrywing van die slag in dié bos en van die monument digby, wat oorgeneem is uit die boek *Their name liveth, Volume 5 Part 3, Some pictures of Commonwealth War Cemeteries 1914-1918 and 1939-1945, published by order of the Commonwealth War Graves Commission 1964, p. 20-22*. Die onderhoofde in die stuk is deur my geplaas. Die argitek van die monument is Herbert Baker, die beeldhouer van die Castor-en-Pollux-beeld op die monument is Alfred Turner.

Die agtergrond van die foto waarop die eggenote van wyle generaal Louis Botha († 1919) en generaal W.E.C. Tanner in 1926 afgebeeld staan, toon die oorlogsgrafte van die Suid-Afrikaners. By besoeke aan oorlogsbegraafplase is ek altyd diep onder die indruk van die onafsienbare rye graftekens wat soos soldate in die gelid staan. My herinneringe aan die begraafplaas vir Noord-Amerikaners 1942-1945 by Margraten in Limburg, Nederland, is onuitwisbaar. Hoeveel ryker sou die wêreld gewees het as die jong mans wat in oorlogsgrafte rus, “in die bruin komberse van die aarde toegedraai” (D.J. Opperman, *Joernaal van Jorik*), die lewe sou behou het!

'n Latere uitgawe van *Pretoriana* sal uitvoerig aandag gee aan die ont-hulling te Pretoria op 21 Julie 1929 van 'n replika van die Castor-en-Pollux-beeld op die gedenkteken by die Delvillebos. Ek sal in dié vervolgartikel ingaan op die simboliek van die standbeeld en sy twee mitologiese persone.

C. de Jong

# DIE AGTERGROND VAN DIE OPRIGTING VAN DIE OORLOGSGEDENKTEKEN VOOR DIE UNIEGEBOU, PRETORIA

deur Kolonel Dr. J. Ploeger

## INLEIDING

In die nog steeds besonder bruikbare *Europe in the Nineteenth and Twentieth Century* het die outeurs Grant en Temperley in 1937, met verwysing na die internasionale spanning kort voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog (1914), o.m. verklaar:

“The real question raised by the story of the last five weeks before the war is not whether war could then have been averted, but whether the preceding situation had made war certain”.<sup>1</sup>

Ten spyte van die feit dat geen verantwoordelike staatsman oorlog bekeer het nie en destydse “verligte” en “progressiewe” mense aangeneem het dat daar geen oorlog in Europa sou en kon uitbreek nie, was hierdie indrukke en optimistiese wensdenkery nie op die werklikheid gegrondves nie. Internasionale mededinging het in so ’n stadium verkeer dat die voortbestaan van vrede in die wêreld aan die genade of ongenade van een of ander voorval oorgelewer was. Die arsenale dwarsdeur Europa was van groot voorrade voorsien, nasionalistiese gevoelens was sterk en invloed en prestige is in so ’n mate nagejaag dat enige ongelukkige gebeurtenis ’n ontploffing kon veroorsaak wat die wêreld sou laat skud.<sup>2</sup>

Die spreekwoordelike lont is in die kruitvat geslinger op 28 Junie 1914, dié dag waarop aartshertog Frans Ferdinand, ’n neef van keiser-koning Frans Josef en troonopvolger in die Habsburgse ryk, met sy gade in Serajewo, Bosnië, vermoor is.

Sonder om in besonderhede te tree kan die vernaamste gebeurtenisse genoem word wat op hierdie voorval gevolg het. Nadat Duitsland sy onvoorwaardelike steun aan Oostenryk toegesê het, het laasgenoemde staat op 23 Julie 1914 ’n ultimatum aan Serwië gestuur om anti-Oostenrykse sameswerings te onderdruk.

In die Serwiese antwoord van 25 Julie 1914 is gedeeltelik aan dié eise voldoen. Serwië het sy strydkrigte gemobiliseer, die Oostenrykse regering het die antwoord verwerp en op sy beurt ’n mobilisasie gelas. Rusland, wat van Franse steun verseker is, het die Oostenrykse regering van sy misnoeë in kennis gestel, Engeland het pogings aangewend om as bemiddelaar op te tree, maar op 28 Julie 1914 het die Oostenrykse oorlogverklaring aan Serwië gevolg. Kort daarna het Rusland gemobiliseer en op 31 Julie 1914 het ’n Berlynse ultimatum aan Rusland gevolg wat bedoel was om die Russiese mobilisasie ongedaan te maak. Rusland het nie aan dié eis voldoen nie. Frankryk, Rusland se bondgenoot, is deur Duitsland aangesê om - in geval van oorlog - neutraal te bly. Frankryk het ewenwel op 1 Augustus 1914 begin mobiliseer en op 3 Augustus 1914 ’n Duitse oorlogsverklaring ontvang. Nadat Duitsland die Belgiese neutraliteit willens en wetens geskend het, het die Britse regering

op 4 Augustus 1914 'n ultimatum aan Duitsland gestuur om die Belgiese onsydigheid te eerbiedig. Duitsland het dié eis, op grond van militêre noodsaaklikheid, verwerp. Op 23 Augustus 1914 het Japan oorlog aan Duitsland verklaar, terwyl die Turkse ryk op 1 Augustus 1914 'n geheime anti-Russiese verdrag met Duitsland gesluit het. Hierdie optrede is op sy beurt deur oorlogsverklarings van Rusland, Frankryk en Engeland aan Turkye gevolg.<sup>3</sup>

## 1. Die Unie van Suid-Afrika en die Eerste Wêreldoorlog

Na die totstandkoming van die Unie in 1910 was Suid-Afrika, soos die ander dominiums, ten opsigte van die buitelandse beleid van die Britse ryk heeltemal onderworpe aan dié beleid waaromtrent daar in London besluit is. Nadat Brittanje op 5 Augustus 1914 oorlog aan Duitsland verklaar het, het die dominiums, t.w. Australië, Kanada, Nieu-Seeland en Suid-Afrika - op grond van die bestaande verhoudings en reëlings - outomaties in die Eerste Wêreldoorlog betrokke geraak.

Die Unieregering het die Britse regering meegedeel dat die Unie-Verdedigingsmag (UVM) die verdediging van die land, met insluiting van die Kaapse Skiereiland, sou behartig. Die Britse troepe wat met die laasgenoemde taak belas was, kon bygevolg elders militêre diens verrig. Op 10 Augustus 1914, m.a.w. ses dae na die Britse oorlogsverklaring aan Duitsland, het die Unieregering - sonder om die goedkeuring van die Parlement te vra of dadelik te verkry - aan 'n amptelike Britse versoek voldoen om 'n veldtog teen Duits Suidwes-Afrika te loods.<sup>4</sup>

Hierdie toeseëgging, wat in September 1914 tydens 'n spesiale parlement-sitting bekragtig is, het die bestaande verset onder 'n deel van die Afrikaners in die Unie versterk en tot die sogenoemde Rebelle van 1914 gelei.<sup>5</sup>

Die onderdrukking van die Rebelle het, nadat krygswet op 12.10.1914 afgekondig is, tot in Januarie 1915 voortgeduur en het die ontplooiing van die veldtog teen Duits Suidwes-Afrika aanvanklik vertraag.

Volgens amptelike gegewens het altesame 11 472 Afrikaners by die Rebelle aangesluit. In die Oranje-Vrystaat was die sterkte 7 123, in Transvaal 2 998 en in die Kaapprovinsie, met insluiting van lt.-kol. S.G. Maritz se 1 059 aanhangers, 1 251. Om die Rebelle te breek het die regering 30 000 troepe, van wie 20 000 Afrikaanssprekendes, aangewend.<sup>6</sup> Onder die regeringsmagte het 132 gesneuwel en is 242 gewond, terwyl 190 van hulle teenstanders gesneuwel het en tussen 300 en 350 gewond is.<sup>7</sup>

### (a) Die krygsverrigtinge in Duits Suidwes-Afrika

Die krygsverrigtinge in Duits Suidwes-Afrika (1914-1915) is amptelik deur die destydse generale staf te Pretoria, onder die titel *The Union of South Africa and The Great War 1914-1918* beskryf en in 1924 deur die Staatsdrukker (Pretoria) gedruk. Die betrokke gedeelte beslaan pp 27-60 van die genoemde publikasie. Op 15.3.1915 was 43 402 Unietroepe, wat onderskeidelik aan die Noordelike, Sentrale, Suidelike en Oostelike magte behoort het, in die veld.<sup>8</sup>

Van die hand van 'n voormalige hoof van die generale staf in die UVM, brig.-genl. J.J. Collyer, het in 1937 die amptelike publikasie *The Campaign in German South West Africa 1914-1915* (Pretoria, 1937) die lig gesien. *The Campaign in German South West Africa* is uitgebreider (180 p.) as die reeds genoemde beskrywing en was o.m. bedoel om, in geval van die herhaling van 'n noodtoestand soos in 1914, in verskillende opsigte van nut te kan wees. Vanaf die begin van die veldtog in September 1914 tot die oorgawe van die Duitse troepe in Julie 1915 het die Uniemagte 88 lede tydens gevegte verloor, terwyl 25 aan wonde en 153 aan siektes of as gevolg van ongelukke beswyk het, en 263 gewond is.<sup>9</sup>

In 1939 is die genoemde amptelike publikasie in Afrikaans vertaal en gedruk om onder die titel *Die Veldtog in Duits Suidwes-Afrika 1914-1915* (Pretoria, 1939), en in enigsins kleiner formaat (196 p.), die lig te sien. Albei hierdie publikasies was allereers vir militêre opleidingsdoel-eindes bedoel.

### (b) Die Suid-Afrikaners aan die westelike front

Na die beëindiging van die veldtog in Duits Suidwes-Afrika het die Unie-regering daartoe oorgegaan om ten behoeve van die Suid-Afrikaanse Oorsese Ekspedisiemag (**South African Overseas Expeditionary Forces**) o.m. vrywilligers vir die duur van die oorlog te werf. Op dié wyse het 1 Suid-Afrikaanse Infanteriebrigade, bestaande uit 4 bataljons (Kaap-provinsie, Natal en die OVS, Transvaal en Rhodesië, en die **Scottish Regiment**), sy verskyning gemaak. Die aanvanklike sterkte van die brigade was 160 offisiere en 5 648 manskappe en hulle was, soos dié wat na hulle gevolg het, bedoel om Suid-Afrika aan die westelike front (in Noord-Frankryk) te verteenwoordig.

Dié brigade, onder brig.-genl. H.T. ("Tim") Lukin, het in November 1915 in Engeland aangekom en met sy frontopleiding begin. Voordat die opleiding voltooi was, is dit nodig geag om die Suid-Afrikaners na Egipte te stuur. In die ooste het die Turke die lewensbelangrike Suezkanaal bedreig terwyl Senussistamme uit die woestyng gebied herhaaldelik tot naby Mersah Matruh opgeruk het. In Januarie 1916 is die brigade in Alexandrië ontskep om kort daarna, saam met die **Royal Scots** en ander Britse eenhede, die vyand by Agagia, suidoo van Barrani, op 26.2.1916 te verslaan. Op 20.4.1916 het die Suid-Afrikaners in Marseille aangekom. Die grootste deel van hulle is dadelik tot agter die westelike front gestuur. Daar is die opleiding voortgesit en in Junie 1916 is opdrag ontvang om na die Somme, 'n rivier in Noordwes-Frankryk, op te ruk.<sup>10</sup>

Vanaf die Kanaalkus het die front deur die stroomgebied van die Somme en sy omgewing ooswaarts geloop om tot in die ooste van Frankryk, in die omgewing van die vesting Verdun, uit te strek. In die omgewing van Verdun is die eerste fase van 'n bloedige botsing tussen die aanvallende Duitsers en die verdedigende Franse aan die begin van April 1916 afgesluit. Die Franse het hierdie aanslag weerstaan, die Duitsers het hulle oogmerke nie kon verwesenlik nie.<sup>11</sup>

Die worsteling om die besit van Verdun het soveel manskappe vereis dat 'n beplande Frans-Britse offensief in die Somme-gebied nie oor die benodigde militêre slaankrag kon beskik nie ofskoon die geallieerde bevelvoerders (Joffre, Haig) geen gebrek aan artillerie gehad het nie.

Op 24.6.1916 is die Somme-offensief deur die geallieerdes met trommelvuur, afkomstig uit 1 645 Engelse en 1 276 Franse kanonne, van 75 tot 370 mm, sowel as loopgraafartillerie, begin.<sup>12</sup> Na die eerste suksesse wat deur die Engelse en Franse behaal is, het die drie maande durende kraginspanning, wat met aansienlike verliese gepaard gegaan het, nie veel opgelewer nie. Vir die Duitsers was dit 'n kragproef om die frontlyn in stand te hou. Ongeveer 6 000 offisiere en 267 000 manskappe het tydens dié stryd gesneuwel en deur sommige skrywers is verklaar dat die slag aan die Somme die begin van die Duitse nederlaag aan die westelike front was. In 1916 was dié na-oorlogse gevolgtrekking nog in newels gehul.<sup>13</sup>

Op 4.7.1916 het genl. Furse die Suid-Afrikaanse Infanteriebrigade o.m. opgedra om 89 Brigade, wat aan 30 Divisie behoort het, in die frontlinie oos van Montauban af te los. 'n Week van frontdiens het die Suid-Afrikaners ruim 500 ongevallende besorg. Op 14.7.1916 is, tussen Pozières en die dorpie Longueval en die aangrensende d'Elvillebos, 'n aanval oor 'n front van ongeveer 6 km geloods wat gedeeltelik met welslae bekroon is.<sup>14</sup> Hardnekkige Duitse teenstand het die Britse aanvallers, waaronder 'n bataljon van die Suid-Afrikaanse Infanteriebrigade, verhinder om die hele dorpie Longueval te beset. Die eerste doelwit was om Longueval te verower en om daarna 'n aanval teen Delvillebos van stapel te stuur. Terwyl o.m. 'n bataljon van die brigade met die eersgenoemde taak belas is, het brig.-genl. Lukin opdrag gekry om die drie oorblywende bataljons te gelas om te probeer om 'n vaste voet in dié Delvillebos te verkry. Op 15.7.1916 is die vier bataljons beveel om 'n opdrag uit te voer wat feitlik onmoontlik was. Ses dae en vyf nagte is die stryd teen 'n oormag aangeknoop. Groot verliese is gely en onder die 121 offisiere en 3 032 manskappe wat aan hierdie worsteling deelgeneem het, was 2 320 ongevallende te betreur. Vanaf 1.7.1916 het die verliese van die brigade 502 gesneuweldes bedra, terwyl 1 735 lede gewond en 578 vermis is. Aan die stryd om die besit van die Delvillebos is die name van brig.-genl. H.T. Lukin en lt.-kol. W.E.C. Tanner, sowel as dié van lt.-kol. Dawson, lt.-kol. Thackeray, manskap William Frederick Faulds, VC, en tallose ongenoemdes vir ewig en altyd verbind.

Die gehawende brigade wat stand gehou het, is op 20.7.1916 afgelos en eers op 25.8.1916 het 14 Light Division daarin geslaag om, wat van die Delvillebos oorgebly het, volledig in besit te kry.<sup>15</sup>

John Buchan het in sy werk *The History of the South African Forces in France* die gebeurtenisse van dié dae noukeurig geboekstaaf.<sup>16</sup> \*

Ook in die reeds genoemde Suid-Afrikaanse amptelike werk *The Union of South Africa and The Great War 1914-1918* is o.m. aandag aan die verdere optrede en lotgevallende van Suid-Afrikaners aan die weste-

like front gewy. In April 1917 het hulle aan gevegte by Arras (Atrecht) deelgeneem en in September 1917 vyandelike posisies by Passchendaele gestorm. In 1918 het hulle o.m. by Marrières, Messines, Beaurevoir en Le Cateau die aandag op hulle gevestig en op wapenstilstanddag 1918 (11.11.1918) het hulle aan die voerpunt van die geëllieerde opmars gestaan. Behalwe lede van die Suid-Afrikaanse Infanteriebrigade het Suid-Afrikaanse artilleriste en seiners, lede van die S.A. Mediese Korps, lede van Spoorweg- en Vervoerafdelings, Blankes, Kleurlinge en Swartes, diens aan die westelike front gedoen.<sup>17</sup>

Van hulle rus in grafte by die Delvillebos, Warlencourt, Roeux, Messines, Passchendaele, Mendinghem en Dozinghem (naby Poperinghe) en van hulle name, t.w. van hulle van wie daar geen bekende grafte bestaan nie, kom op die Menenpoort-gedenkteken te Ieper voor. Op die Brookwoodse militêre begraafplaas in Surrey, Engeland, is Suid-Afrikanners ter ruste gelê wat aan beserings beswyk het wat hulle in Frankryk en België opgedoen het.<sup>18</sup>

### (c) Die Suid-Afrikanners in Duits Oos-Afrika

Twee jaar voordat die eerste deel van Lt.-kol. Charles Hordern se amptelike *Military Operations East Africa*, waarin die krygsverrigtinge van Augustus 1914 tot September 1916 beskryf is, die lig gesien het, het brig.-genl. J.J. Collyer se amtelike studie *The South Africans with General Smuts in German East Africa 1916* in Pretoria verskyn. Hierdie twee publikasies dateer onderskeidelik van 1941 en 1939.<sup>19</sup> Volgens genl. Smuts se vermelding in die voorwoord was die twee amptelike Suid-Afrikaanse publikasies (Engels, Afrikaans) veral bedoel om studente wat in tropiese oorlogvoering en groot menslike prestasies belang gestel het, 'n indruk van 'n deel van die krygsverrigtinge in Duits Oos-Afrika te gee. Suid-Afrika het in dié oorlog betrokke geraak nadat die Unieregering op 1.11.1915 aangebied het om 'n infanteriebrigade, 'n bataljon van die Kaapse Korps (*Cape Corps*), 'n reserwebataljon en twee berede regimente na die oorlogsterrein te stuur. Kort daarna is verdere militêre hulp in die vooruitsig gestel omdat die werwing van vrywilligers besonder geslaagd was.<sup>20</sup>

Op 24.11.1915 het genl. sir Horace Smith-Dorrien die opperbevel oor die geëllieerde strydkragte in Oos-Afrika aanvaar, maar voordat hy in Oos-Afrika aangekom het, het sy gesondheidstoestand hom genoodsaak om na Engeland terug te keer. Op 6.2.1916 is die vakante pos aan genl. J.C. Smuts aangebied en deur hom aangeneem. Genl. Smuts het op 19.2.1916 in Mombasa aangekom, kort nadat 1 Suid-Afrikaanse Berede Brigade (brig.-genl. J.L. van Deventer), 2 Suid-Afrikaanse Infanteriebrigade (brig.-genl. P.S. Beves) en vyf batterye van die Suid-Afrikaanse Veldartillerie reeds op die toneel van die stryd verskyn het.<sup>21</sup>

In sy inleiding tot sy studie het brig.-genl. Collyer die koms van onderskeie versterkings wat by die Britse magte onder genl. Smuts gevoeg is, die medewerking van Belgiese troepe, en die besetting van die grootste

deel van die vyand se gebied sowel as al sy spoorweë en hawens, as die tweede fase van die oorlog in Oos-Afrika bestempel. Die derde fase het, volgens dieselfde skrywer, die tydperk van 1917 tot die wapenstilstand omvat en het, as gevolg van die uitwissing van die reeds genoemde strategiese doelwitte, die vorm van 'n guerrilla of sluipoorlog aangeneem.<sup>2 2</sup>

Terwyl die besonderhede aangaande die stryd in Oos-Afrika sowel in die genoemde publikasies as in *The Union of South Africa and the Great War 1914-1918* nagegaan kan word, is dit van belang om die aandag op die volgende aspekte te vestig: In totaal is ruim 48 000 Blankes uit die Unie na Oos-Afrika gestuur. Die gevegsverliese, dood as gevolg van ongelukke, siektes en beserings, en krygsgevangenes het tydens die duur van die veldtog, waaraan altesame 43 477 Blankes en 16 845 Swart lede van die arbeidskontingente deelgeneem het, 2 762 bedra.<sup>2 3</sup>

Kenmerke van die veldtog in Duits Oos-Afrika was dat dit 'n langdurige en moeilike stryd was. Groot afstande, oneindige vervoer- en bevoorradingsvraagstukke, die afwesigheid van voldoende spoorwegverbindinge en goeie paaie sowel as ongunstige klimaatsomstandighede vir Blankes en Indiërs in die veld het daartoe bygedra. Ten spyte van die besetting van die grootste deel van die betwiste gebied deur troepe onder genl. Smuts en Belgiese bondgenote, sowel as die optrede van brig.-genl. Northey in 1916, kon die geëllieerdes nie daarin slaag om die teenstanders onder kol. (later: genl.) Von Lettow-Vorbeck beslissend te verslaan en uit te wis nie. Dit was die geval in 1916 en 1917 en tydens die agtervolging van die Duitsers en hulle askari's in 1918, eers in Mosambiek en vervolgens in Noord-Rhodesië. Op 25.11.1918 het 155 Blankes en 1 168 askari's ooreenkomstig art. 17 van die wapenstilstandvoorwaardes, wapens neergelê op Abercorn. Aan die begin van 1916 het dié mag uit ongeveer 2 700 Blankes en 12 000 Swartes bestaan, terwyl die teenstanders van 1914 tot 1918 'n mag op die been gehou het wat aanmerklik groter was as die strydkragte waaroor Lord Roberts tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) beskik het.<sup>2 4</sup>

#### (d) Suid-Afrikaners in Palestina en elders

Besondere vermelding verdien dié lede van die Kaapse Kleurlingkorps (*Cape Coloured Corps*) wat, ingedeel by 160 Brigade, hulle op 18.9.1918 in die omgewing van El Mugheir in 'n aanval teen die Turke by Square Hill onderskei het. Dieselfde was die geval met die daaropvolgende aanslag op Khjibeit.<sup>2 5</sup>

By hierdie Suid-Afrikaners moet ook die Blankes, Kleurlinge en Swartes gevoeg word wat onderskeidelik op land, op see en in die lug, uiteenlopende dienste verrig het.

(e) Die totale Suid-Afrikaanse oorlogsdeelname en ongevalle

Volgens die *Official Year Book of the Union of South Africa*, 1910-1920, het in totaal 146 156 Blanke offisiere en manskappe, 382 verpleegsters, 1 925 lede van die Coloured Labour-eenheid en 82 769 lede van die onderskeie Native Labour-kontingente tot oorlogsdienste in Europa, Egipte, Oos- en Sentraal-Afrika, Suidwes-Afrika en in die Unie toegetree.

Van hierdie totaal van 231 591 het 4 632 aan wonde gesterf of gesneeuwel, terwyl 1 974 as gevolg van ongelukke of siekte hulle lewens verloor het. Die totale aantal sterfgevalle van die genoemde fronte en in die Unie was dus 6 606. Verder was daar 12 036 gewondes.<sup>26</sup>

(f) Die oorlogsmonument by Delvillebos

In 1919 het die gedagte ontstaan om êrens 'n passende gedenkteken op te rig wat gewy sou wees "Aan die onsterflike Suid-Afrikaners wat op die Slagvelde van Afrika, Asië en Europa en op See die Groot Offer op die Altaar van Plig gelê het", aldus een van die opskrifte op die oorlogsmonument wat in 1926 by die Delvillebos onthul is. 'n Suid-Afrikaanse Nasionale Gedenktekenkomitee, onder voorsitterskap van sir Percy Fitzpatrick en met vise-voorsitter genl.-maj. sir Henry Lukin; as lede o.m. brig.-genl. W.E.C. Jannes en lt.-kol. E.F. Thackeray; as president prins Arthur van Connaught en as vise-presidente o.m. genl. J.C. Smuts en die administrateurs van die vier provinsies van die Unie, het meer as £50 000 ingesamel en met 'n komitee in Londen saamgewerk. Die Suid-Afrikaanse regering is in 1920 in die geleentheid gestel om die terrein waar die bloedige geveg van d'Elvillebos gelewer is, van die eienaar te koop en daarna het die bekende oorlogsmonument op 'n deel van die grond verrys. Op 10.10.1926 het die weduwee van genl. Louis Botha die indrukwekkende gedenkteken ingewy.<sup>27</sup>

In sy toespraak het sir Percy Fitzpatrick op dié dag verklaar dat die terrein van die slag uitgekies was om deur middel van 'n gedenkteken hulde aan al die Suid-Afrikaners te bring wat, waar ook ter wêreld, die hoogste offer gebring het. Aan hierdie gedagte het die spreker toegevoeg:

"So glorious was their stand, so grievous their loss, that no place could be more appropriate than this hallowed spot....."<sup>28</sup>

Sir Percy het na die Suid-Afrikaanse Infanteriebrigade, die Suid-Afrikaanse artilleriste, die krygsverrigtinge in Egipte, Palestina, Suidwes-Afrika en Oos-Afrika verwys en die Imperial War Graves Commission lof toegeswaai in verband met die aanleg en instandhouding van ongeveer 1 200 Britse soldatekerkhowe in Frankryk, waarvan die militêre begraafplaas by die Delvillebos slegs 'n enkele kerkhof verteenwoordig het.<sup>29</sup>

Eerste Minister genl. J.B.M. Hertzog, wat die gedenkteken onthul het, het o.m. daarna verwys dat Suid-Afrikaners uit pligsbesef aansluit het, dat hulle vir 'n beter wêreld sonder militarisme geveg het en dat daar 'n groot verantwoording teenoor die dooies en die lewendes op die skouers van die staatsmanne van Europa gerus het. Hy het verder verklaar:

"This monument, dedicated to these our sons, will stand here in remembrance of that Great Sacrifice - an inspiration and a warning. A warning against human passion and national folly; an inspiration to all that is good and noble in human action and devotion, and in national unity of heart and endeavour."<sup>30</sup>

Voor die Uniegebou verrys, net soos in die Kaapstadse Tuine, weergawes van die bekroning van die sentrale gedeelte van die Delvillebos-gedenkteken. Dit is die legendariese Castor en Pollux wat aan weerskante van een van hulle mitologiese perde, die Engels- en Afrikaanssprekende seksies van die destydse bevolking van die Unie van Suid-Afrika voorstel wat o.m. bereid was om die hoogste offers vir 'n gemeenskaplike vaderland te bring.<sup>31</sup>

In 1939 het die Franse regering reëlings met die regerings van die lande getref wat in die verlede terreine vir die oprigting van oorlogsmonumente in Frankryk aangekoop het. Dié reëlings het die terugkoop van die terreine vir nominale bedrae behels en teweens die ewige gebruik van dieselfde terreine vir oorlogsmonumente ingesluit. So is, op 30.4.1940, die genoemde ooreenkoms met die Unieregering beklink. Die destydse Unieregering was verantwoordelik vir die instandhouding en onderhoud van die Delvillebos-gedenkteken. Die verpligting is na republiekwording gehandhaaf en na die Tweede Wêreldoorlog is besluit om die genoemde gedenkteken ook aan die Suid-Afrikaanse gesneuweldes van dié oorlog op te dra.<sup>32</sup>

## AANTEKENINGE

1. A.J. Grant, H. Temperley, *Europe in the Nineteenth and Twentieth Centuries (1789-1932)* (London, 1937), p. 494.
2. C.J.H. Hayes, *A Political and Cultural History of Modern Europe* (New York, 1939), deel 2, p.568.
3. *Ibid.*, pp. 568-577.
4. Kyk o.m. E.A. Walker, *A History of Southern Africa* (London, 1957), p. 558 e.v.; C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria, Kaapstad, 1968), p. 352 e.v. Volgens Wm Roger Louis, *Great Britain and Germany's Lost Colonies 1914-1919* (Oxford, 1967), p. 36 e.v. *Ibid.*, pp. 50-54 i.v.m. die houding van genl. Louis Botha.
5. E.A. Walker, t.a.p., pp. 560-561; C.F.J. Muller, t.a.p., pp. 352-354.

6. *The Union of South Africa and The Great War 1914-1918* (Pretoria, 1924), p. 25. In dieselfde publikasie is die genoemde krygsverrigtinge op pp. 13-25 geskets. Die skrywer: Maj. J.G.W. Leipoldt.
7. *Ibid.*, p. 25.
8. *Ibid.*, p. 60.
9. J.J. Collyer, *The Campaign in German South West Africa 1914-1915* (Pretoria, 1937), p. 152.
10. *The Union of South Africa*....., pp. 95-96, pp. 99-100 (verkort).
11. C. Connell, *The World's Greatest Sieges* (London, 1967), p. 196 e.v.
12. H. Contamine, *De Grote Oorlog 1914-1918* (Bussum, 1973), p. 107.
13. H. Brugmans, *Geschiedenis van den wereldoorlog 11914-1918* (Amsterdam, s.j.), pp. 79-80.
14. *The Union of South Africa* ..... , pp. 101-102. Die Franse spelling is Bois d'Elville
15. *Ibid.*, pp. 102-111.
16. London, 1920. John Buchan - lord Tweedsmuir.
17. *The Union of South Africa* ..... , pp. 185-208.
18. *Commando/Kommando*, Febr. 1969, "Their names liveth forever more", pp. 29-31.
19. Die eersgenoemde amptelike publikasie vorm 'n onderdeel van die *History of the Great War*-reeks wat in opdrag van die historiese afdeling van die **Committee of Imperial Defence** saamgestel is. 'n Weergawe in Afrikaans van brig.-genl. Collyer se genoemde amptelike publikasie is in 1939 onder die titel *Die Suid-Afrikaners met Generaal Smuts in Duits Oos-Afrika 1916* uitgegee. Albei uitgawes bevat 'n voorwoord van genl. J.C. Smuts.
20. Lt.-Col. Charles Hordern, t.a.p., p. 215.
21. J.J. Collyer, *Die Suid-Afrikaners* ..... , p. 50.
22. *Ibid.*, p. xii.
23. *Official Year Book of the Union of South Africa*, no. 4, 1910-1920 (Pretoria, 1921), p. 411.
24. *Ibid.*, p. 92; Lt.-Col. Charles Hordern, t.a.p., p. 512 e.v.
25. *The Springbok*, November 1957, Theseus, "Square Hill and the Glory of Khjibeit", pp. 19-20.
26. P. 411.
27. *The Delville Wood Memorial Book* (London, 1926), pp. 4,5.
28. *Ibid.*, p. 6.
29. *Ibid.*, pp. 7-8.
30. *Ibid.*, p. 13. Volgens C.M. van den Heever, *Generaal J.B.M. Hertzog* (Johannesburg, 1943), p. 492, het die Rykskonferensie waarop genl. Hertzog die Unie as Eerste Minister verteenwoordig het, op 27.10.1926 begin.
31. Roy Macnab, *Journey into yesterday - South African Milestones in Europe* (Cape Town, 1962), p. 72.
32. *Ibid.*, p. 75.

\* **Noot van die redakteur**

Die nuutste boek van Suid-Afrikaanse kant oor die slag in Delvillebos gepubliseer is die werk van Ian Uys, getitel *Delville Wood*, deur hom uitgegee